



GRAAD 5 – VRAESTEL

BESTEK	
Ou Testament	Deuteronomium 13-14
Nuwe Testament	Lukas 6
Les	Les 1 - 9

Afdeling A : Deuteronomium 13-14

Vraag 1 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 1.1 Jy man niks eet wat _____ is nie. (14:3)
a) reg b) 'n gruwel c) lekker d) groot
- 1.2 En al die insekte met vlerke moet vir julle _____, hulle mag nie geëet word nie. (14:19)
a) grillerig wees b) giftig wees c) interessant wees d) onrein wees
- 1.3 Want jy is 'n volk heilig aan die Here jou God, en jou het die Here _____ om sy eiendomsvolk te wees. (14:2)
a) onderwerp b) verslaaf c) uitverkies d) nie verkies
- 1.4 En die stad en al die buit moet as voloffer met vuur verbrand word aan die Here jou God; en dit moet vir ewig 'n _____ wees, dit mag nie weer opgebou word nie. (13:16)
a) puinhoop b) beloning c) lekkerte d) afsku
- 1.5 En die hele Israel sal dit hoor en vrees, en hulle sal nie meer so 'n _____ by jou doen nie. (13:11)
a) chaos b) wens c) verkeerde ding d) werklikheid

Vraag 2 Voltooi die volgende sinne en vul die antwoord op die antwoordstel in:

hart, beproef, vrees, gebooie, siel

- 2.1 Want die Here julle God ____A____ julle om te weet of julle werklik die Here julle God liefhet met julle hele ____B____ en met julle hele ____C____. (13:3)
- 2.2 Julle moet die Here julle God navolg en Hom ____D____ en sy ____E____ hou en na sy stem luister en Hom dien en Hom aanhang. (13:4)

Vraag 3 Sê of die volgende Waar of Vals is.

Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 3.1 Dit is die diere wat julle mag eet: 'n bees, 'n skaap en 'n bok. (14:4)
- 3.2 En al die diere wat gesplete kloue het en herkou, dié mag julle eet. (14:6)
- 3.3 Die kameel en die haas en die das, want hulle herkou, rein is hulle vir julle. (14:7)
- 3.4 Jy mag die bokkie nie kook in sy moeder se melk nie. (14:21)
- 3.5 Jy moet geld gee vir alles wat jou siel begeer, en jy moet daar eet voor die aangesig van die Here jou God en vrolik wees, jy en jou huis. (14:26)
- 3.6 Maar die Leviet wat in jou poorte is, hom moet jy aan sy lot oorlaat, want hy het 'n deel of erfenis saam met jou. (14:27)
- 3.7 Julle is kinders van die Here julle God; daarom mag julle terwille van 'n dooie juisself stukkend kerwe. (14:1)
- 3.8 Om agter ander gode aan te loop, hulle te ken en te dien is 'n gruwel in God se oë. (13:2)
- 3.9 Die Here onse God beproef ons om te weet of ons Hom werklik liefhet. (13:3)
- 3.10 Iemand wat jou wegdryf en wegverlei van die Here jou God moet jy liefhê. (13:10)

20 Punte

Afdeling B : Lukas 6

Vraag 4 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 4.1 Die dissipels het are gepluk en met hulle hande uitgevrywe en _____. (6:1)
a) gegooi b) getel c) geëet d) geplant
- 4.2 En die hele skare het probeer om Hom _____, omdat krag van Hom uitgegaan het. (6:19)
a) aan te raak b) te stenig c) te sien d) op te tel
- 4.3 En leen sonder om iets _____ en julle loon sal groot wees. (6:35)
a) te steel b) terug te verwag c) te breek d) weg te laat raak
- 4.4 Spreek vry, en julle sal _____ word. (6:37)
a) bespot b) gevang c) vergewe d) vrygespreek
- 4.5 Want dit is nie 'n goeie boom wat slegte _____ dra nie. (6:43)
a) druiwe b) skaduwee c) vrugte d) bas

Vraag 5 Kies die regte woord vir elke sin en vul die antwoord op die antwoordstel in:

mense, uitgedor, sabbat, om te bid, apostels, haat en beledig

- 5.1 Die Seun van die mens is Here óók van die _____ A _____? (6:5)
- 5.2 En Jesus het in daardie dae uitgegaan na die berg _____ B _____? (6:12)
- 5.3 En daar was 'n man, en sy regterhand was _____ C _____? (6:6)
- 5.4 Hy het sy dissipels na Hom geroep en twaalf van hulle uitgekies, wat Hy _____ D _____ genoem het, (6:13)
- 5.5 Salig is julle wanneer die mense julle _____ E _____ ter wille van die Seun van die mens. (6:22)

Vraag 6 Sê of die volgende Waar of Vals is.

Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 6.1 Salig is die armes, want aan hulle behoort die koninkryk van God. (6:20)
- 6.2 Salig is hulle wat nou honger het, want hulle sal vet word. (6:21)
- 6.3 Salig is hulle wat nou ween, want hulle sal lag. (6:21)
- 6.4 Salig is julle wanneer die mense julle naam weggooi soos iets was sleg is. (6:22)
- 6.5 Wee die rykes want hulle het banke vol geld. (6:24)
- 6.6 Wee julle wat vol (versadig) is, want julle sal lekker slaap. (6:25)
- 6.7 Wee julle wat nou lag, want julle sal treur en ween. (6:25)
- 6.8 Seën die wat julle vervloek, en bid vir die wat julle beledig. (6:28)
- 6.9 Ons kan die Here by sy Naam noem en doen net wat ons wil. (6:46)
- 6.10 Elkeen wat na die Here Jesus se woorde luister en dit doen, is soos 'n man, wat sy huis op die rots gebou het. (6:47)

20 Punte

Afdeling C : Les 1 – 9

Vraag 7 Sê of die volgende Waar of Vals is.

Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 7.1 Elia was 'n profeet van Agab. (Les 1).
- 7.2 Mammon is die geldgod. (Les 1).
- 7.3 Koning Darius het 'n groot ete gegee waarvoor hulle God gedank het. (Les 9)
- 7.4 Die stad Nineve kom tot bekering op grond van Jona se prediking. (Les 5)
- 7.5 Die *teken van Jona* dui op Jesus se drie dae in die graf. (Les 5)

Vraag 8 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 8.1 Elia se naam beteken: my God is _____. (Les 1)
- 8.2 Elia het sy _____ op Elisa laat val as teken dat hy God se profeet sal wees. (Les 3)
- 8.3 Wat het Hiskia gedoen toe hy hoor hy gaan sterwe? (Les 6)
- 8.4 Jesaja voorspel reeds in sy tyd die geboorte en _____ van Jesus Christus. (Les 7)
- 8.5 Die heidense koning Darius het beveel dat net tot die _____ van Daniël gebid mag word. (Les 9)

10 Punte

Totaal: 50 Punte